Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Twyfel

## Johannes 20:19-31

*Daar is baie vorme waarin twyfel deel van ons lewe word. Miskien is twee van die algemeenste vorme die van self twyfel en twyfel in God.*

*Hoe seker voel jy vandag oor alles wat jy gaan aanpak of moet bereik? Vra jy ook soms: IS ek goed genoeg? En hoe lyk jou prentjie van God vandag? "Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo", sê Jesus in Johannes 20:29. Dit bly steeds nie aldag maklik om te glo as ons nie sien nie (Hebreërs 11:1). Wees vandag seker van die dinge wat jy hoop en oortuig van die dinge wat jy nie kan sien nie.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Definisie:***

*'n toestand waarin jy alles bevraagteken en 'n skeptiese houding teenoor die lewe inneem.*

***Alternatiewe definisie:***

*'n gesonde proses waarin jy stadig leer om te glo.*
(Bybel 24/7)

Huiskerk
Quellerina Gemeente

Leefkuns

# Twyfel

*Waarom is dit vir ons opmerklik dat hulle eintlik bang was? Het hulle nie al verskeie geloofwaardige getuienisse van die opgestane Verlosser ontvang nie?*

*Wat is die eerste stap wat Christus geneem het om hul vrees in moed te omskep?*

*Wat is die tweede stap wat Christus geneem het om hul vrees in moed om te sit?*

*Wat is die derde ding wat Jesus gedoen het?*

*Wat het die Here gedoen toe hulle vrees in v.20 in vreugde omskep is?*

*Maar Jesus het nie opgehou om hulle gerus te stel nie - wat het Hy verder gedoen?*

*Is die voorregte verleen in v.23 uitsluitlik beperk tot net diegene wat daardie dag letterlik in daardie kamer was?*

*Wat het Thomas misgekyk deur die gemeenskap te verlaat?*

*Hoe is die verhaal wat Johannes vertel van Thomas op hierdie plek en tyd 'n kontras met wat Johannes voorheen oor die karakter en houding van Thomas aangeteken het?*